

SAWA Oos-Kaap



Liewe Sawanante

Hier is die volgende 2 kampe se inligting:

Van Stadens 16 – 18 Maart

Tariewe beloop R150.00 vir 2 volwassenes en daarna R 50.00 per persoon per nag. Kinders onder 10 kamp verniet. Ds. Rudi en sy span is verantwoordelik vir die naweek. En natuurlik sorg Ds. Rudi vir ons atlete. Kom ons probeer om rekord inskrywings onder ons lede te kry vir hierdie vlagskipgebeurtenis.

Neem deel aan 23ste Lake Farm Charity Run & Ride

Dié vlagskipgebeurtenis – ten bate van die Lake Farm-sentrum vir persone met intellektuele gestremdhede – vind op 17 en 18 Maart plaas op die sentrum se perseel in Lakesideweg, Port Elizabeth.

'n Verskeidenheid pad-, voet-slaan- en bergfietsroetes word saam met 'n veiling en hope vermaak vir die hele gesin aangebied!

Alle deelnemers sal kan bie op premium- Adidas-hardloopskoene en nog vele meer wat deur Kingfisher FM se Gareth Burley opgeveel sal word. Die prysuitdeling begin om 09:45 waarna die gelukstrekking met hope pryse en veiling sal volg.

Die Lake Farm-sentrum, tuiste en werksplek vir persone met intellektuele gestremdhede, is vanjaar 57 jaar oud en die jaarlikse Charity Run & Ride is 'n geldinsameling en bewusmakingsgeleentheid vir die sentrum.

Saterdag 17 Maart:

- 24 km-oefenroete begin 05:30
- 10 km-hardlooproete begin 06:30



Inwoners van die Lake Farm-sentrum is opgewonde oor die Charity Run & Ride.

Foto: DIRK MOGGEE

- 15 km- stap- en -hardlooproete begin 06:40
- 4 km- stap- en -hardlooproete begin 07:00
- 2 km-gesinstaproete begin 07:45
- 5 km-pretwedloop begin 08:00

Sondag 18 Maart:

- 2,7 km-kinderrit begin 08:00
- 20 km-fietsroete begin 08:45
- 14 km-bergfietsroete begin 09:00

Skryf gerus aanlyn in by www.lakefarm.org.za of by Action Sports, Brian Bands, The Footballer en Brocketts Sports in Uitenhage. Vir meer inligting kontak Graham Channon by 078 184 9723.

Paasnaweek: 30 Maart – 2 April:

Ons gaan Green Fountain toe. Tariewe beloop R500.00 vir 4 mense en R70.00 per addisionele persoon. Die bedrag is vir die hele naweek.

Keurbooms: 27 April – 1 Mei:

Kostes beloop R80.00 per persoon en kinders onder 12 R40.00 per kind. Onthou asseblief dit is 'n gebiedsaamtrek, so ons streek is ook verantwoordelik vir die verkoop van poeding. Die wat gaan kamp bring

asseblief 'n poeding saam of bestanddele dan kan ons dit sommer daar maak.

Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:

Ons kort asb. die nodige getalle om met die oorde te reël. Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig dat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord-kostes moet dra.

Noodhulp tydens saamtrekke:

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle heen kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.

Wapad en Webwerf:

Stuur asb. u nuus/foto's vir Clarise Kruger vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting. Epos: clarise.kruger@ms-it.co.za

Baie van ons kinders ontvang die tyd van die jaar groot pryse en erkenning op baie gebiede, stuur asseblief sodat ons almal jul trots kan deel!

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u nog 'n harde kopie wil ontvang, moet u dadelik vir Clarise of jou bestuurslid laat weet.

Ledegeld:

U moet groot asseblief u ledegeld betyds in Nasionaal se bankrekening inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asb. die betrokke kampeiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooie van R120 is betaalbaar.

Ledegeld word vanaf 1 Desember 2017 verhoog met R10.

Lede jonger as 60 jaar: Kontant of EFT R350 en Debietorder R340
Seniorburgers: Kontant of EFT R340 en Debietorder R330

Debietorders is R10 minder by elke groep.

Bedryfsfonds:

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeer word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal in Oos Kaap se rekening of by die kampeiers.

SAWA Kentekens:

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, moet u asseblief die SAWA kenteken en snor afhaal.

SAWA Groete

SAWA Oos-Kaap Bestuur.